# Die Watersiklus

# bl. 66 – 67

Bestudeer die prent van die watersiklus op bl. 66 en beantwoord die volgende vrae.

1. Waar kom die hitte vandaan wat die water uit die see, riviere en mere laat verdamp?

   ______________________________________________

2. Waarheen gaan die verdampte water?

   ______________________________________________

3. Wat gebeur met waterdamp wat kondenseer?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

4. Hoe kom die verdampte water weer op die Aarde en terug in die watersiklus?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

5. Voltooi hierdie sinne oor die watersiklus. Gebruik die woorde hieronder om jou te help.

| |
|---|
| ***water / waterdamp / hael / kondenseer / verdamp / sneeu / wolke / reën*** |

a. Water op die oppervlak van die Aarde ____________________ en beweeg as ____________________ in die lug op.

b. Die waterdamp koel af en ____________________ soos dit in die lug opstyg.

c. Waterdruppels hoog in die lug vorm ____________________.

d. Druppels water val terug Aarde toe as ____________________.

e. Water in wolke vries en val as ____________________ of ____________________ terug Aarde toe.

f. Reën, sneeu en hael bring ____________________ terug na die Aarde se oppervlak.